ds. PJ Kriel | Paassondag | 27.03.2016

Inhoud. Jesus is vandag mens van vleis en bloed in die hemel en sluit ons deur die krag van sy godheid in, in wie Hy as mens is en wat Hy as mens gedoen het. Jesus het nie ŉ geestelike nalatenskap geskep wat ons vir ons self moet toeëien nie.

Skriflesing: Lukas 22: 24-27; Lukas 24: 36-53.

Teks: Lukas 22:27 Tussen julle is Ek egter soos iemand wat dien.

Tema: Christus het uit die dood opgestaan om homself en alles wat Hy vir ons gedoen het, self mee te deel.

1.Die Sondagoggend na Paasvrydag is die graf leef! Die Sondagaand ontdek die dissipels hoekom die graf leeg is! Hulle het die aand bymekaar gekom om met mekaar die ontsteltenis en verwarring te deel oor die graf leeg was.

Dan staan Jesus self meteens daar tussen hulle.

2. Sy teenwoordigheid tussen hulle, maak hulle baie bang, die Bybel noem dit verskrik, en beangs.

Op die oog af lyk dit na gewoon normale menslike reaksie. Wat sal enige iemand van ons doen, wanneer ons by die sterfbed van ŉ geliefde staan, hoe sien sterf, by sy begrafnis is en sien hoe hy toegegooi word in die graf, net om Sondag aand hom skielik weer tussen ons te hê?

Ons sou net soos die dissipels gereageer het. Dit kan nie hy self as lewende mens wees nie. Ons het hom sien sterf. Dit moet ŉ gees wees. Ons sien ŉ spook!

3. Jesus vra dan ŉ vraag wat amper kan klink soos spot: “Waarom is julle ontsteld!”

Waarom is julle ontsteld om iemand wat dood en begrawe was, weer te ontmoet as ŉ lewende mens!

In hierdie vraag spreek die Here hulle ongeloof aan oor wat Hy aan hulle voor sy dood geopenbaar het. Volgens die drie evangelies het die Here met drie geleenthede voor sy dood uitdruklik vir sy dissipels gestel dat Hy Jerusalem toe gaan om daar te ly, gekruisig te word, te sterf en dan uit die dood uit op te staan.

Lukas beskryf na die Here se derde aankondiging hul reaksie op hierdie openbaring soos volg: “Hulle het egter niks hiervan verstaan nie. Die betekenis van hierdie uitspraak was verborge en hulle het nie begryp wat Hy gesê het nie."

Die dissipels het nie in die lyding, kruisiging, dood en opstanding van die Here vir hl sonde geglo voor en tydens sy verlossingsdade nie.
Dit is wat die Here in hierdie vraag aan hulle openbaar!

Daar was voor die opstanding van die Here as mens uit die dood, nie iets soos ŉ gelowige dissipel nie. Voor die Sondagaand van Paasfees was daar geen gelowige in die lyding, dood en opstanding van die Here nie.

4. Christus beveel hulle om aan Hom te vat en na Hom te kyk.

Dit doen Hy sodat hulle ongeloof dat Hy ŉ gees is, kan deurbreek word. ŉ Menslike gees het nie vleis en bene soos hulle voel en sien dat Jesus as mens het nie!

Daarmee moet hulle ontdek dat die Here nie ŉ gees is wat uit die dood verskyn nie. Jesus is self weer die mens wat Hy voor sy dood was!

Menslike vleis! Menslike bene! Menslike hande. Hande wat gekruisig was. Menslike voete. Voete waarin daar spykers geslaan was.

5. Die reaksie van die dissipels is weer tipies menslik! Tipies soos mense die dood ken en oor die dood glo van mense wat gesterf het!

Hulle voel en vat. Hulle kyk en sien, maar glo nog steeds nie wat met die Here gebeur het nie.

Baie beskrywend stel Lukas dat hulle histeries opgewonde is oor wat hulle beleef, sondaar dat hulle glo in wat met en voor hulle gebeur.

Wat is hulle ongeloof?

Dat Jesus miskien in die vorm van ŉ mens aan hulle verskyn, maar dat binne in Homself, binne die vleis en bene is daar diep in Hom iets anders, iets geesteliks en goddelik, iets onmensliks. Hy kan nie net weer ŉ gewone lewende mens wees na sy dood nie!

Histeries opgewonde in die ongeloof Hy is net ŉ uiterlike menslike verskyning van iets goddeliks!

6. Jesus openbaar weer binne hierdie histeriese ongelowige opgewondheid wie Hy werklik is.

Hy beveel vra hulle om vir Hom iets te gee om te eet.

Hoekom?

Want geeste het nie tande, speekselkliere, slukderms, mae en ingewande soos die Here vir hulle wys Hy as mens het nie. Jesus openbaar Homself in hierdie aankondiging: Dit is Ek is! Die mens wat julle voor my dood geken en mee saam geleef het, is die Mens wat hier voor julle staan. Mens na liggaam, siel en gees. Die Mens Jesus wat dood was Vrydag en Saterdag leef weer as mens Sondag.

Dit is wat opgestaan uit die dood beteken.

Dan openbaar die Here deur sy Woord vir hulle wat Hy voor sy dood drie keer aan hulle aangekondig het: Die Messias moet vir sondaars se sonde ly, gekruisig word, sterf en uit die dood opstaan. Die Here verduidelik weer soos die vorige drie keer in die evangelie wie Hy is en wat Hy doen.

Dan gebeur die wonder van geloof: "Die Here self open hulle verstand om die Skrif te verstaan." Dit is hoe Lukas geloof in Jesus Christus beskryf. Wanneer die Here Jesus jou verstand open om die Skrif te verstaan: die Ou Testament se Dawids- en Abrahamsbeloftes is deur die menswording, die lyding, die kruisiging, opstanding, hemelvaart en regering van die Here aan die regterhand van die Vader vervul. (Lukas 1: 67-75 en Handelinge 2: 22 – 36.)

7. Wat hulle ook in die geloof ontdek in en deur die Here se verskyning in sy menswees, is Jesus as Here, God met hulle!

Johannes se opstandingberig stel dit duidelik. Die deure was gesluit toe Jesus meteens tussen hulle staan.

Hoe het Jesus as Hy gewoon mens van vleis en bloed is, deur die mure gekom?

Petrus stel dit as 'n gelowige 'n paar weke later in die eerste Christelike preek wat na die Here se opstanding gepreek word: "God het Jesus van Nasaret aan julle bekendgestel deur die kragtige dade, die wonders en tekens wat God hom by julle laat doen het." Handelinge 2: 22

Hierdie Jesus van Nasaret wat na sy dood weer mens is, is self God!

Hy is as Bog die sterk Verlosser wat self mense vergewe soos Hy Homself in sy eerste genesing in die Lukas evangelie openbaar het: hierdie mens wat uit die dood opgestaan het, is self God. Daarom kan Hy aan sondaars die toesegging maak: Jou sondes is jou vergewe. Lukas 6.

Op Sondagaand skep die Here sy kerk op aarde toe Hy die dissipels se verstand open om die Skrif te verstaan: Jesus is die Here!

8. Na Jesus se verskyning op Sondagaand het hy nie in iets anders verander deur sy hemelvaart nie.

Die woord hemelvaart beteken presies net wat dit sê. Om van een plek na ʼn ander plek te gaan.

Wanneer iemand ons hier groet en Pretoria toe gaan, tansformeer of verander hy nie op pad na Pretoria toe nie. Wanneer hierdie persoon ons uit Pretoria bel en bevestig hy het in Pretoria aangekom, dan is hy nog steeds dieselfde mens wat hier vandaan vertrek het.

Jesus is vandag mens in die hemel. Gewoon mens van vleis en bloed. Nie ʼn gees nie, nie ʼn beeld nie, nie ʼn idee of rolmodel nie. Mens van vleis en bloed!

Die gawe van geloof deur die Here Jesus Christus is dat Hy sy Gees skenk om ons verstand hiervoor te open. Om die werklikheid van sy lyding, dood en opstanding te kan begryp en verstaan as die dade waardeur Hy die sterk Verlosser is om die Dawids- en Abrahamsbeloftes vir ons te vervul Dit is wat die uitdrukking in Handelinge twee beteken: om die Gees te ontvang en uit te stort. Om mense se verstand te open om te glo en te begryp wie Jesus vandag as Here is: mens en God!

9. Wat te begryp en te verstaan?

Dit stel die Here aan sy dissipels met die instelling van die nagmaal. Sodat ons vandag sal ontdek dat die Here tussen ons vandag is soos die Een wat dien!

Dit was die tragedie van die eerste nagmaal!

U kan gerus weer gaan kyk wat in aan die Nagmaalstafel gebeur nadat die dissipels die nagmaal van die Here ontvang het: “Daar het ʼn twis onder hulle onstaan oor wie van hulle as die belangrikste beskou moet word.” Dit is nie na die geleentheid gewees nie. Hulle lê nog aan die Nagmaalstafel. Daarom stel die Here in vers 27: Want wie is belangriker, die een wat aan die tafel aan lê, of die een wat bedien? (NDV)

Dit was Jesus se aankondiging van tyd wat aangebreek het, en hulle teen die tyd goed verstaan het dat Hy dit iewers in sy kop het om dood te gaan, wat hulle geveg met mekaar aan die gang gesit het. Dit is ook duidelik uit Matteus 18 wat ook hierdie woorde aanhaal.

Waaroor gaan hierdie geveg en getwis aan die Nagmaalstafel?

Oor wie die Here gaan opvolg na sy dood! Dit is nie sommer maar net ʼn gewone gevoel van belangrikheid waaroor hulle stry nie. Hulle is besig met die opvolgstryd

na Jesus se dood.  Net soos enige ander opvolgstryd na ʼn groot politieke of geestelike leier se dood.

10. Wie gaan Jesus opvolg wanneer Hy doodgaan en Hy nie as mens meer leef nie!

Hierdie opvolgstryd gaan oor wie Jesus se lewe, gesag, legitimiteit, droom, ideaal, waardes en bediening regmatig gaan voortsit na sy dood.  Dit gaan oor die toeëiening van die lewe en werk van Jesus na sy dood!  Wie kan Jesus vir hulle self toeëien na sy dood?  Dit is die werklike magstryd wat die getwis aan die Nagmaalstafel ontketen.

Dit is die hartseer van hierdie eerste Nagmaal.  Dit is net soos kinders wat in die lewende teenwoordigheid van ʼn sterwende ouer voor hom of haar begin baklei oor die erflating.

In Jesus se teenwoordigheid begin hulle baklei oor wie sy lewe en werk gaan regmatig gaan toeëien en verteenwoordig na die dood wat Hy so oor beslis is.

Hulle baklei oor die dooie Jesus se nalatenskap!  Wie is bemagtig om sy nalatenskap te ontvang, te verteenwoordig en voort te sit?

Dit is net soos alle politieke en geestelike gestry oor nalatenskap.  Paul Kruger se nalatenskap, Verword se nalatenskap, die Voortrekkers se nalatenskap.  Madela se nalatenskap.  Dit Here stel hulle gestry en baklei nie verniet gelyk aan “die konings van die aarde” nie.  Dit is presies waarmee hulle besig is.

10. Wat is die dissipels se Paasontdekking?

Dit is totaal iets anders as die toeëiening van die nalatenskap van ʼn dooie Jesus!

Die Here is nie dood nie. Daar is nie ʼn dooie Jesus nie. Hy leef as mens en Hy leef vandag nog as mens. Hy sal vir ewig as mens leef. Hy kan nooit as dooie mens vir ander mense ʼn nalatenskap los nie.

Niks van wie Jesus is en wat Hy as mens gedoen het, gely, gekruisig gewees het, gesterf en gesterf het, of die lewe wat Hy geleef het, kan deur ander vir hulle self toegeëien word nie.

Sy lewe en werk is steeds sy eie. Want Hy leef weer en steeds self. Niemand anders kan wie Hy is en wat Hy doen as nalatenskap toeëien en verteenwoordig of bedryf nie, want ʼn lewende mens het geen nalatenskap nie.

Dit is die Paasontdekking!

Hy leef vandag nog as mens om Homself in wie Hy as mens is en wat Hy as mens gedoen het, met ons mee te deel deur die krag van sy godheid: Hy het die Heilige Gees ontvang en uit gestort! Hand. 2: 33.

Dit is hoe hierdie Heilige Gees ongelowige goddeloses se verstand open:

- Jesus is vandag mens van vleis en bloed in die hemel!

- Jesus leef nog vandag as mens die lewe wat sy is deur alles wat Hy deel van sy eie lewe gemaak het.

- Jesus self deel sy eie lewe mee aan sy dissipels, Hy sluit hulle in in die lewe wat as lewende mens sy eie is met alles wat Hy deel van sy eie lewe gemaak het.

Die Here het nie as ŉ dooie mens vir ander mense ŉ nalatenskap gelos wat hulle hul eie moet maak nie, wat hulle vir hul self moet toeëien nie. Wie die Here is, word nie deur ander toegeëien nie. Hy is die lewende Here wat wie Hy is self met ander deel.

11. Dit is die betekenis van die woorde van die Here: “Hy is tussen ons soos Een wat dien.”

Die instelling van die nagmaal was nie ŉ teken van die nalatenskap van Jesus nie. ŉ Teken waardeur ons sy nalatenskap moet gedenk, vir ons self moet toeëien, verteenwoordig en in stand moet hou.

Dan is dit die teken van ŉ dooie mens!

Dit is die teken waardeur Hy verseël wie Hy as die teenwoordige Here elke dag na sy opstanding uit die dood is. Dit is die teken van wie opgestane en lewende mens, Jesus Christus met ons is. Hy is die Here wat ons in sy menswees insluit en wie Hy as mens vandag is, is, met alles wat Hy as mens vir ons was deel.

Daar is niks wat toegeëien kan word nie, want Hy deel alles met ons mee terwyl Hy die Here tussen ons is.

Om Homself in wie Hy as mens vandag in die hemel is, is hoe die Here die Een is wat dien. Hy bedien ons met wie Hy is deur Self ons in te sluit in wie Hy is. Dit is gemeenskap met die lewende Here, nie verteenwoordiging van ŉ dooie Jesus nie.

12. Watter kerk is ons vandag?

Die kerk van die apostels wie se verstand Sondagaand deur die Here geopen is om die evangelie van sy opstanding te begryp en te glo? Die kerk met wie die Here alles wie Hy is self deel en meedeel omdat Hy tussen ons is?

Of Is ons die kerk van die apostels aan die eerste aan die eerste Nagmaalstafel? Die kerk wat stry en twis oor die nalatenskap van Jesus?

Dit is hoe die kerk hom self vandag al meer en meer voordoen!

Ons het Jesus as ons eie aangeneem!

Ons het Jesus se lewe ons eie gemaak!
Ons het Jesus se waardes ons eie gemaak!
Ons leef die voorbeeld van Jesus vandag uit!
Ons leef die droom van Jesus!
Ons is besig om die bediening van Jesus voort te sit: ons dryf duiwels uit soos Jesus; ons genees soos Jesus; ons doen wonderwerk soos Jesus; ons bekeer mense soos Jesus!
Ons het die gesag en outoriteit want ons het die Naam en legitimiteit van Jesus!
Ons is die krag van Jesus op aarde want ons verteenwoordig Jesus!
Ons leef in die Naam, krag en wil van Jesus!

Hierdie is die kerk van die dooie Jesus. Die een in wie die apostels geglo het tot voor sy opstanding uit die dood! Vandag word hierdie dooie Jesus die spirituele Jesus genoem, die geestelike Jesus en elkeen wat vir homself hierdie nalatenskap toeëien sien homself as deel van die geestelikheid of die spiritualiteit van hierdie dooie Jesus. Die Jesus wat vandag nie meer mens van vleis en bloed is, of sou Hy dit nog wees, nie as mens van vleis en bloed regtig enige waarde vir die spiritualteite van Jesus het nie.

Die dooie Jesus wie se nalatenskap deur mense toegeëien word en met geestelikheid gevier word! Mense wat Jesus se nalatenskap hulle eie maak. Mense wat met Jesus se nalatenskap identifiseer as hulle eie.

Hierdie geestelikheid waarin Jesus se nalatenskap toegeëien word, is die valse kerk!

13. Die kerk van Opstandingsdag glo in die lewende Here, vandag self nog mens, om ons deur die krag van sy godheid, in te sluit en te laat deel in wie Hy vandag is.

Ons glo in die liefde van die lewende Here. Hy wat ons in sy lewe laat deel omdat Hy leef en ons so laat deel in 'n lewe waar sonde betaal is, waar vir sonde klaar gely is, waar sonde verreken is en waar ons leef in die beloof heiligheid en geregtigheid van mense: om te deel in die heiligheid en geregtigheid van die lewende mens en Here; Jesus Christus! Luk 1: 75 (NDV)

In hierdie kerk is daar geen opvolgstryd nie, niemand wat die dooie Jesus se lewe, reg, waardes of beding verteenwoordig nie.

In hierdie kerk is leraars dienaars soos die Here Een is wat dien.

Hulle heers nie deur en beheers die nalatenskap van Jesus nie. Hulle bedien net die Woord en tekens wat die Lewende Here self gebruik om mense die evangelie te laat begryp en glo. In hierdie diens is daar geen gestry en baklei oor wie Jesus se gesag, droom, mag, waardes, lewe of bediening verteenwoordig nie, want niemand verteenwoordig die Here nie.

Hy is nie ŉ dooie mens wat deur lewende mense verteenwoordig word nie. Hy is self lewend mens en God en Hy Self deel ons mee wie Hy as mens is.

14. Die verskil tussen hierdie diensbare kerk teenoor die kerk wat Jesus se nalatenskap verteenwoordig sien ons die duidelikste in die verskil hoe die Here se tekens bedien word.

Hulle wat Jesus se nalatenskap toegeëien het, maak die nagmaal die teken van hoe jy Jesus se nalatenskap jou eie maak en dit verteenwoordig en in stand hou. Dit is ŉ teken waar "liggaam" nie meer die Here se liggaam van vleis en bloed in die hemel is wat jy moet onderskeidend ken en glo voor jy die nagmaal kan gebruik nie. In die kindernagmaal het die kerk hierdie betekenis weggegooi en die "liggaam" die gemeenskap gemaak van hulle wat Jesus se nalatenskap toeëien en verteenwoordig.

Dieselfde het hulle met die doop gemaak. In en deur Jesus se doop moet jy Jesus se nalatenskap jou eie maak: moet jy sy lewe en dood jou eie maak. So kry jy deel aan die spiritualiteit van die gees van Jesus. Die gees van die dooie Jesus.

Wie hulle so self met Jesus se nalatenskap bemagtig sluit kinders uit die doop uit en kinders in die nagmaal in: want die toeëiening van Jesus het die geloof vervang. Die tipe geloof wat Lukas noem: om te kan verstaan en begryp wie Jesus as opgestane mens uit die dood is wat vandag nog leef!

In hierdie kerk wat die apostels aan die eerste Nagmaalstafel verteenwoordig word die stryd oor nalatenskap gestry: wie het Jesus regtig aangeneem en wie verteenwoordig Jesus se Naam, krag, lewe, droom en bediening regtig.

Ons is die kerk van Opstandingsdag! Ons begryp die Here is mens vandag en laat ons deel in wie Hy is. Hy het geen nalatenskap agtergelos wat ons moet toeëien, verteenwoordig of voortsit nie.

Ons is dienaars wat die evangelie verkondig en glo, terwyl die Lewende Here steeds met sy bediening self besig is tussen ons!